

Wopko Jensma tidbits

(additional info from versindaba.co.za, a collective weblog for Afrikaans poetry)

Hoewel Wopko Jensma nie Duits op skool of universiteit gehad het nie, werk hy van 1965 tot 1967 as vertaler vir die Afrikaanse Pers-Boekhandel in Johannesburg, en daar verskyn vyf van sy vertalings van jeugromans uit Duits in Afrikaans by dié uitgewery en een uit Engels in Afrikaans by J.L. van Schaik. Die vyf romans van A.E. Johann het in die "Vlug om die wêreld"-reeks van ses boeke verskyn, naamlik *Bedelaars in Japan* (1966), *Moordnag in Sjina* (1966), *Soldate in die oerwoud* (1966), *Vlug om die wêreld* (1966) en *Trek deur die woestyn* (1967). J.L. van Schaik publiseer ook sy *Die spookkus* (1966), 'n vertaling van 'n Engelse jeugroman van Nan Chauncy.

Elsa Jensma (2008) is oortuig dat haar broer nooit Duits op skool geneem het nie en Jensma (1968) bevestig dit in 'n brief. Volgens Wolf Weinek (2008) kon hy nie 'n woord Duits praat nie. Sy vriende Chris en Maritha Alexander (2008) meen hy kon 'n gesprek in Duits volg, maar het nooit self Duits met hulle gepraat nie.

Die werk as vertaler vir die Afrikaanse Pers-Boekhandel was vir Jensma bloot 'n tussenpose om die pot aan die kook te hou en hy het daarna nie weer in hierdie hoedanigheid gewerk of probeer om hoofsaaklik met sy skryfwerk 'n inkomste te verdien nie. Die lewe sou vir hom bowendien ingrypend verander.

Uit 'n boek-in-wording deur Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais

Downloaded from <http://versindaba.co.za/2009/11/22/wopko-jensma-as-vertaler/>

Op 15 November 1950 tref 'n tragedie die Jensma-gesin wanneer die jongste broer, Andries, met wie Wopko Jensma "groot maatjies" was, op tragiese wyse in die Akkerbou-dam by die Grootfontein Landboukollege naby Middelburg in die Oos-Kaap verdrink. Volgens Elana Kitching (2008) van Middelburg het hy "in die Akkerbou-dam, wat op daardie stadium as swembad vir studente en personeel gedien het, verdrink. Die vermoede was dat hy op 'n plank wat op die water gedryf het, probeer klim het om te dryf soos hy gesien het die studente doen." 'n Ongedateerde koerantberig oor die verdrinking in hierdie dam met sy gevaarlike steil walle bevat onder meer die volgende besonderhede:

"Hoe dit gebeur het, weet niemand nie. Die middag omtrent 4 uur het sy moeder hom gestuur en toe hy teen skemer nog nie terug is nie het hulle onrustig geword en begin soek in die rigting wat hulle hom gestuur het. By die dam het hulle toe sy fiets gekry en met flitse in die dam rond gesoek waar hulle toe sy lyk nog geklee gekry het. Hy kon nie swem nie, maar die vermoede is dat hy op planke wat om die dam lê probeer loop het en so ingeval het."

Jensma se gedig, "My brother", in *Sing for our execution* (1973), handel oor hierdie insident, maar bied nie 'n korrekte weergawe van die omstandighede van sy broer se dood nie. In die eerste strofe skryf hy sy broer "left home one morning / and never came back" en, in die tweede strofe, dat die lyk by die rivier gevind is: "I remember we went to the river / I saw his body sleeping / deep under the water". Daar is inderdaad 'n rivier, die Klein-Brakrivier, wat by die dorp verbyloop, maar dié rivier het selde water. Sy suster, Elsa Jensma (2008), bevestig dat Andries deur sy stiefmoeder met sy fiets gestuur is "om 'n pakkie vir een van die bure te gaan gee" en in die dam verdrink het.

Uit 'n boek-in-wording deur Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais

Downloaded from <http://versindaba.co.za/2009/11/22/wopko-jensma-se-broer-verdrink/>

Return to <http://www.art-archives-southafrica.ch/JENSMA.htm>